HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NO 35 VAN 2021

12 Augustus 2021

Geagte Ouer / Voog

AFSPRAAKOUERAAND : 17 Augustus 2021

Die afspraakoueraand na afloop van die tweede kwartaal vind op Dinsdag, 17 Augustus 2021 plaas.

Let asseblief op die volgende om van hierdie oueraand 'n sukses te maak:

1. U is baie welkom om u kind se vordering of probleme met die betrokke vakpersoneel te bespreek. Indien u graag personeel wil spreek, moet die aangehegte afspraakskedule voltooi word.

2. Vul asseblief **een** strokie vir al u kinders in, sodat u afsprake nie bots nie.

3. Hierdie strokie moet in besit van u kind bly. **U kind neem die vorm na die onderwyser met wie u graag 'n afspraak wil maak. Die personeel sal op hierdie vorm die tyd van die spesifieke afspraak inskryf.** Afsprake duur slegs vanaf 17:00 tot 20:00.

4. U kind het die geleentheid om hierdie afsprake vanaf ontvangs van die vorm tot 16 Augustus 2021 te maak.

5. Die personeel sal in hul onderskeie lokale wees en u kind moet asseblief saam met u hierdie afsprake nakom. Geen afspraak sal toegestaan word as u kind nie teenwoordig is nie.

6. Ouers moet asseblief nie die afspraaktyd invul nie, dit kan slegs deur die betrokke personeel ingevul word.

7. Daar word versoek dat ouers met die betrokke vakonderwysers van **alle druipvakke** afsprake moet maak.

8. Indien u enige navrae het, is u welkom om die graadhoofde te kontak:

Gr 8	L. Viljoen en Esmé du Toit	Gr 9	J. Brits en C. Coetsee
Gr 10	I. Wagenaar	Gr 11	L. Naude
Gr 12	S. vd Berg		

9. **Slaagvereistes gr 8 tot 12 :** Om van een graad na die volgende aan die einde van die jaar gepromoveer te word, moet 'n leerder aan die volgende minimum vereistes voldoen.
Graad 8 en 9: 50% vir amptelike huistaal, 40% vir tweede taal, 40% vir Wiskunde, 40% vir drie ander leerareas en 30% vir twee ander leerareas.
Graad 10, 11 en 12: 40% in drie vakke behaal waarvan een 'n amptelike taal op huistaalvlak moet wees. 30% in drie ander vakke.

Vriendelike groete.

P BOOYSEN: Hoof

AFSPRAAK-VERSOEKE VIR OUERAAND VAN 17 Augustus 2021

Ek, _____ ouer / voog van ondergenoemde leerder / leerders wil graag die volgende afspraak / afsprake maak / kan ongelukkig nie die oueraand bywoon nie.

NAAM VAN LEERDER / LEERDERS		GRAAD	KLAS						
			A	B	C	D	E	F	G
1.									
2.									
3.									
4.									

17 Augustus 2021

	ONDERWYSER	VAK	LEERDER	GRAAD	AFSPRAAKTYD
1.					TOT
2.					TOT
3.					TOT
4.					TOT
5.					TOT
6.					TOT
7.					TOT
8.					TOT